



**HOËRSKOOL DE AAR
1924 - 2024**



DE AAR HIGH SCHOOL





BEKNOPTE HISTORIESE OORSIG

Die bou van die spoorlyn tussen Kaapstad en Kimberley, vroeg in die 19de eeu, het tot gevolg gehad dat opvoedkundige fasiliteite op De Aar ontstaan het.

In 1920 het die Departement van Onderwys hierdie opvoedkundige instansie oorgeneem en in 1924 het Hoërskool De Aar begin funksioneer as 'n hoërskool. In 1963 is die huidige gebou betrek, en in 1992 het die skool 'n staats-ondersteunde skool geword. Tans is dit 'n staatskool.



NAVRAE:

Skoolhoof:

Mnr J C Koen (053)631 3691

Adjunkhoof:

Mnr E Botha (053)631 3691

Koshuis:

Mnr C Pretorius 082 564 1115 / JPS: (053)631 0101

SKOOLLIED/ SCHOOL ANTHEM

Hier's 'n skool met ideale,
Wat sterk karakters bou!
Wat krag gee in die lewe,
Om altyd koers te hou!

Blue, silver with the green,
This is our only tone.
The flag we proudly keep up
high,
Alumni we will fly!

Oh De Aar High School.
Oh De Aar High School.
To live as you inspire.
We ask for grace from Higher.

Vir jou sal ons onthou,
Aan jou bly ons getrou.
Jy lê die fondament,
Waarop ons voortaan bou.





Ons Visie

A leading multi-cultural and dual-medium educational institution of excellence, that provides education of a Christian nature to equip young people to be assertive in all sectors of the South African society.

'n Toonaangewende multikulturele en dubbel medium onderwysinstelling van uitnemendheid wat opvoedende onderrig met Christelike waardes lewer, en jongmense toerus om verantwoordelik te wees in alle sektore van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Ons Missie

The top school in the province, with a strong shared ethical value system which attracts learners through our ability to be inclusive while equipping them with both academic and healthy life principles, in order to step into the professional world effectively. We attain this through innovative problemsolving and improvisation and co-operation of all the stakeholders.

Om dié topskool in die provinsie te wees met 'n sterk waardesisteem wat leerders lok deur ons vermoë om op 'n inklusiewe basis, ons leerders holisties te ontwikkel, om sodoende effektief tot die volwasse beroepswêreld toe te tree.

Ons doen dit deur innoverende probleemoplossing met die samewerking van alle belanghebbendes.

Inhoud

Brief van die Skoolhoof	4	Principal's letter
Ode aan my skool	4	Ode to my school
Buitemuurse bedrywighede	5	Extramural activities
Algemene Inligting	5	General information
Gedragkode	6	Code of Conduct
Toelatingsbeleid	16	Admission Policy
Taalbeleid	23	Language Policy
Swangerskapbeleid	24	Pregnancy
Dwelmbeleid	25	Drug Policy
Vakkeuse	28	Curriculum
Strafstelsel	29	Punitive System



www.karoofees.org
info@karoofees.org



BESTE VOORNEMENDE LEERDER

DE AAR HIGH SCHOOL appreciates your enquiry for admission of your child. We believe that we will provide you with enough evidence to make a well –thought through decision...
DE AAR HIGH SCHOOL is the one!

For the past *100* years, De Aar High School provided good qualified and happy learners, who became responsible and successful adults with an excellent value system. We have the ability to develop and strengthen potential, if given a chance to do that.

HSDA se leuse, *Qui petet inveniet*, beteken: Wie soek sal vind.
Ons mik altyd hoër by HSDA en soek terreine waarop ons nog beter kan presteer.

HSDA is 'n sterk, lewenskragtige skool. Ons laat ons nie onderkry deur die feit dat ons 'n plattelandse hoërskool is, en boonop geografies buite stedelike gebiede geleë is nie. Ons het inderwaarheid vanjaar, soos ander jare, baie stadskole stof in die oë geskop op sport, kultuur en akademiese gebied.

Jaarliks presteer HSDA uitstekend met prestasies op plaaslik, provinsiale en ook nasionale vlak.

De Aar High School does not have to stand back for any other school. We always aim higher and higher! We have the ability to take you higher with us. We invite you to accept it.

Vriendelike groete

Meneer Johan Koen
Skoolhoof



Ode aan my skool Die Hoërskool De Aar

**Jy was maar net drie jaar oud toe ek jou
oop deur met skugter waagmoed kon
betree.**

**Ja, vyf jaar lank het jy aan my gebou
en in die rypingsjare net gegee.**

**Hier is my dank vir wat ek daar kon
kry:**

**jy't my oor vyftig jaar nog nooit gefaal,
jy het my reg gelei en hard gebrei.**

Ek kon die storms tors, ek is gestaal.

**Vir eerbied vir ons eie goed, my dank,
ook vir die adel in my ingeweef,
vir die geloof - dit stut aan elke flank -
dit laat my aanhou streef en voluit leef!**

**Jy, Alma Mater, is die prismaboog,
jy, wat ons almal bind, ons roem
verhoog**

5 Mei 1984

(Oud-skolier 1927 - 1931)

Aan die Hoërskool De Aar gewy
by die viering van sy sestigste jaar.



EXTRAMURAL ACTIVITIES

In order to ensure that every pupil develops into a well-balanced person, he/she is encouraged to take part in the cultural- and extramural activities of this school.

► Organisations and Clubs:

Pupils should join at least one of these organisations or clubs: The U.C.S.A., School choir, School newspaper, Chess club, Drama, Debate, Orators, Poems and Monologue.

► Sport

Facilities: The school has facilities available for all kinds of sport offered. Pupils are also rewarded for outstanding achievements in activities that are not presented by the school. Pupils are encouraged to take part in at least one winter and one summer sport code.

► Computer Centre

We present a complete, well equipped centre. Internet facilities for reference are available.

GENERAL INFORMATION

FEES PAYABLE

School fees are annually determined and are payable in annual/quarterly/monthly payments.

HONOURS AWARDS

An honours award is the highest acknowledgement of merit for academic, sports and cultural achievements our school can award a pupil.



REPRESENTATIVE COUNCIL FOR LEARNERS/ SENIOR COUNCIL

The representative council for learners and Senior Council is one of the most important aspects of school life. It is the responsibility of the members of this council to implement the policy of our school and to assist in maintaining its prestige. In this way they establish complete harmony between teachers and pupils.

HOSTEL

The hostel offers adequate accommodation for those pupils who need boarding. Parents are advised to apply for boarding during the third term. Application forms are available at De Aar Junior Primary School.

1924 - 2024





GEDRAGSKODE/CODE OF CONDUCT INTRODUCTION

The document envisages a strategy according to which all disciplinary aspects will be dealt with.

De Aar High School strives to maintain healthy discipline consisting of a balance of values, rules, regulations, prescriptions and customs on the one hand, and even handedness, fairness and humanity on the other.

The continued maintenance of this successful recipe will create a future climate wherein De Aar High School as institution can ensure effective tuition, education and training.



Wat is dissipline?

Die woord dissipline asook die woord dissipel kom van die Latynse woord "*discere*", wat "om te leer" beteken.

Dissipline beteken dus eintlik om te lei, of af te rig. Dit behels die vorming van die kind se karakter in sy totaliteit, deur goeie gedrag aan te moedig en onaanvaarbare gedrag reg te stel.

Dissipline is alles wat 'n opvoeder vir die kind doen of sê om hom op die pad na volwassenheid te begelei.

Straf is maar net 'n tydelike maatreël van dissipline; 'n korttermynreël om die kind van verkeerde optrede te weerhou.

Om te dissiplineer, beteken om op te voed

Doelwit met dissipline:

1. Om die leerders tot verantwoordelike, selfstandige besluitneming op te voed. In hierdie proses moet die skool en die ouerhuis dinamies saamwerk.
2. Om 'n sterk pligsbesef by die leerders te kweek en aan te moedig, aangesien daar 'n baie nou verband tussen pligsbesef, onaanvaarbare gedrag en swak vordering op skool is.
3. Hierdie stelsel word met inagneming van die skool en gemeenskap se behoeftes geïmplementeer. Die primêre doel is om 'n gees van samewerking tussen onderwysers, leerders en ouers te skep en 'n skoolomgewing daar te stel waarbinne gesonde dissipline en gesag kan seëvier.
4. Nog 'n doel is om 'n klimaat te skep waarbinne elke leerder hom/haar verbind tot die nakoming van skoolreëls en die weerhouding van ernstige wangedrag.
5. Om 'n aanvaarbare meganisme daar te stel om morele, sosiale en juridiese gedrag by leerders te bevorder.
6. Om 'n eenvoudige wyse van optrede teen leerderoortreders deur die toepaslike gesagstrukture, te bewerkstellig.
7. Om die onvolwasse leerder deur leiding, kennis en teregwyding te lei tot verantwoordelike volwassenheid.

In B. Boshoff se boek, *Die Adolessent* (1982) p.18, beskryf sy die adolessent as "Iemand wat na iets heen ontwikkel. In hierdie geval na volwassenheid" en sê voorts dat "...die aantal jare wat die jongmens biologies en kultureel as adolessent beskryf word, strek van ongeveer 12 tot 22 jaar."



Die suksesvolle implementering van 'n dissiplinêre strategie verg dat daar op drie kritiese aspekte gefokus moet word, naamlik:

1. LEERDERS

- 1.1 Gedragskode
- 1.2 Skoolreëls
- 1.3 Ontwikkeling van 'n skooltrots
- 1.4 Die voortdurende betrokkenheid van die leerders





2. PARENTS

- 2.1 Code of Conduct
- 2.2 Effective communication/flow of information
- 2.3 Acceptance of co-responsibility

3. STAFF

- 3.1 Code of Conduct
- 3.2 Positive approach/Motivation/Dedication

Each of the critical success factors will be dealt with subsequently. To ensure success, it is crucial for all role-players to contribute with regards to all aspects that apply.





1. LEERDERS



1.1. Gedragskode

HSDA is 'n waardegedrewe skool. Elke leerder poog om hierdie waardes ywerig en met entoesiasme uit te leef:

- H** - Hard-working
- S** - Selfrespek
- D** - Determination
- A** - Ambisie

H

Definisie:
Ywerigheid by die skool; nie ledig of lui nie.

'n **HARDWERKENDE** persoon:

- doen sy/haar plig
- is selfbeheersd
- kies 'n positiewe houding
- strewe na uitnemendheid
- stel 'n goeie voorbeeld
- beplan en stel doelwitte

S

Definition:
Confidence in oneself;
proud of your own personality.

A person with **SELF-RESPECT**:

- recognizes individual differences
- listens carefully
- has respect for others
- resolves conflict without violence
- has good manners
- respects the rights of others

D

Definisie:
Vermoë om vol te hou met 'n saak, om deur te druk totdat iets uitgevoer is.

'n Persoon met **DEURSETTINGSVERMOË**:

- het goed
- het wilskrag
- stel doelwitte op
- is standvastig
- fokus
- presteer

A

Definition:
A strong desire to do or achieve something for the sake of honour and respect.
A strong desire and determination to achieve success.

A person with **AMBITION**:

- works hard
- is very curious and wants to learn
- never gives up
- likes networking with other people
- is creative
- takes responsibility
- responds immediately
- lives the moment





1.2 Skoolreëls

Algemeen:

Elke leerder se optrede, houding en gedrag moet altyd onberispelik wees en waar hy ook al gaan, moet hy optree as 'n waardige ambassadeur van Hoërskool De Aar.

1.2.1. Voorkoms van Leerders

Die voorkoms en kleredrag van leerders moet te alle tye gedurende die kwartaal netjies wees. Die hare van leerders moet ook netjies geknip wees. Aangesien leerders terdeë bewus van die korrekte voorkoms is, kan leerders huis toe gestuur word of in isolasie geplaas word, afhangende van die situasie, totdat hulle voorkoms korrek is.

1.2.2. School Uniform for Girls

- ▶ Summer: Dark blue school dress with white shirt and check collar.
White socks with black school shoes (no thick soles).
School blazer and/or jersey optional.
- ▶ Winter: Dark blue school dress or school trousers with white shirt and check collar and school tie. School blazer compulsory.
Only black pantyhose, with the dress or white socks with school trousers. Black school shoes, school blazer or honours blazer, jersey worn under blazer only. Only the DAHS beanie is allowed, however it is optional to the uniform.
(The Beanies are only available from the school.)

1.2.3 Skool Uniform vir Seuns

- ▶ Somer: Grys lang- of kortbroek met wit hemp en geruite kraag. Grys sokkies, swart skoene en swart belt.
Skoolbaadjie of erekleurebaadjie en/of trui is opsioneel.
Skooltrui mag saam met somersdrag gedra word.
- ▶ Winter: Grys langbroek met wit hemp en geruite kraag.
Grys sokkies, swart skoene en swart belt.
Skoolbaadjie of erekleurebaadjie, skooltrui mag **slegs** onder die baadjie gedra word. Slegs 'n HSDA mussie is

toelaatbaar. Die navyblou HSDA-mussie is egter opsioneel tot die uniform. (Die mussies is slegs by die skool beskikbaar.)

Langbroeke: Met wintersdrag mag slegs langbroeke gedra word. Moet die skoene raak, (voor en agter) en mag nie nouer gemaak word sodat dit teen die leerder se kuite opbeweeg nie. Beanies mag slegs met wintersdrag gedra word.



1.2.4. Gedrag en Optrede

- ▶ Daar word 'n hoë premie op stiptelike skoolbywoning geplaas. Indien 'n leerder weens siekte of ander onvoorsiene omstandighede afwesig is, word van ouers verwag om die skoolhoof skriftelik daarvan in kennis te stel.
- ▶ Die besit of gebruik van tabak, vapes, vuurhoutjies, alkoholiese drank, ander dwelmmiddels, aanstootlike leesstof of materiaal, word ten sterkste verbied.
- ▶ 'n Leerder mag nie 'n medeleerder se liggaamlike of geestelike welsyn benadeel of in gevaar stel nie, en mag nie wapens, speelgoed of enigiets wat liggaamlike besering kan veroorsaak, in sy besit hê nie.
- ▶ Skooleiendom of enigiets by die skool wat die eiendom van iemand anders is, mag nie beskadig, ontsier of besoedel word nie.
- ▶ Geen selfone en musiek-apparaat word Tydens skoolure toegelaat nie, tensy toestemming deur die skoolhoof verleen word.

1.2.5. Deelname aan Skoolprogram

- ▶ Ons versoek vriendelik dat leerders inskakel en deelneem aan skoolprogramme, soos op die buitemuurse rooster. Dit is in belang van u kind.



1.2.6. Appearance of Pupils

- ▶ No necklaces, rings or jewellery may be worn with school, sport or step-out uniforms. Girls may wear one stud ($\pm 5\text{mm}$) or one small ring in each ear, and must be worn on the bottom half of the ear lobe. Medic Alert tokens and only badges that are connected with school activities may be worn.
- ▶ Nails must be kept short and neat. Coloured nail polish is not allowed when in school uniform.
- ▶ No make-up may be worn in school uniform.
- ▶ Girls' hair must be neat, fringes may not obscure the eyes and hair must be neatly combed and groomed. Long hair is permitted only if tied up or plaited. If hair extends lower than the collar, it has to be tied. Hair accessories must be white, black, brown or navy. No other colour is allowed with the school uniform. (Girls' hair may be dyed **only** one colour, one shade lighter or darker. No high-lights, drastic or unnatural changes are allowed.)
- ▶ Boys' hair must be short and neatly combed. Hair in the neck must be short; **not** form a ridge of more than 1 cm, nor be tapered. At the temples hair must be neat and may not extend lower than the ear-hole. Boy's hair may not be dyed.
- ▶ Boys are not allowed to wear braids/extensions.
- ▶ Boys are not allowed to wear hair accessories.
- ▶ The height of a hairstyle may not exceed 3cm above the scalp.
- ▶ No underwear may be visible.
- ▶ No slits on eyebrows – boys or girls.

Assembly:

First and fourth term: Blazer and tie optional and/or jersey. No beanies allowed.

Second and third term: Blazer, tie, jersey is worn under blazer only.

NB! This applies for Mondays only.

During seasonal change the principal will announce the date when the uniform of the new season must be worn.

Beide Novels en Hennies verkoop skooldrag. Erekleurebaadjies

Die bestaande navyblou baadjie. 'n Lint is by die verskaffers te koop wat op die rand van die baadjie, aan die einde van die moue en aan die bopunt van die kantsakke, vasgewerk word.

The school uniform is available at Novels and Hennies.

Honours blazer

Ribbon is available at the suppliers and must be attached to the edges of the navy blue blazer, the end of the sleeves and the top of the side pockets.





- ▶ **Atletiek:** Atletiekfrokke met donkerblou sportbroekie(spanbroekie). Geen ander hemp as die HSDA sporthemp of atletiekfrokke word onder sweetpak toegelaat nie.
- ▶ **Rugby:** Wit sportbroekie met HSDA-rugbytrui en rugbykouse (blou met wit strepe).
- ▶ **Tennis:** HSDA sporthemp met wit of blou romp/broek.
- ▶ **Netbal:** Donkerblou romp en HSDA sporthemp.
- ▶ **Hokkie:** Donkerblou romp, HSDA sporthemp en navy hokkiekouse.
- ▶ **Krieket:** HSDA sporthemp en lang/kort wit broek.

Provinsiale, Griekwaland-Wes of Noord-Kaap sweetpak is ook toelaatbaar vir die sportsoort waarin die leerder dit verwerf het.

Die HSDA sporthoedjie is by die skool beskikbaar.

1.2.7. Step outs: matriculants (Winter and summer)

- ▶ **Girls:** Black skirt: A-line or pencil cut (not longer than the ankle and not shorter than four fingers above the knee), one slip up to the back of the knee. White short sleeved shirt with check collar or with school/honours blazer (summer); white long sleeved shirt with check collar and school tie with school/honours blazer (winter), black pantyhose, school shoes or approved black shoes (no thick soles).
- ▶ **Boys:** Black trousers (no jeans), white shirt with check collar with school tie, school/honours blazer, school shoes (without buckle) with dark socks. (No secret socks).

NOTE: It is expected of learners to keep clothes and shoes, clean and neat.

1.2.8. Other

- ▶ Each sport's first team has a separate team wear.
- ▶ A HSDA sport shirt (except where the team's colours differ) must be worn under the school track suit.
- ▶ All pupils on a bus must wear either a school track suit, school uniform or Griqualand West or Northern Cape track suit. This includes spectators travelling with the team. If a team travels the day before and stays overnight, any neat and appropriate attire may be worn on the bus.



- ▶ All spectators at local events must wear school uniforms unless otherwise stated by the principal.
- ▶ All school rules apply to pupils who wear their school uniforms in public.





1.2.9. Gedrag en Optrede van Leerders

- ▶ Leerders wat afwesig was, of 'n hulpklas nie bygewoon het nie, moet die volgende dag skriftelik 'n verduideliking van sy/haar ouers aan die skoolhoof voorlê. Indien nie, sal die leerder geen punte behaal vir Deurlopende Evaluering nie.
- ▶ Vir afwesigheid tydens eksamens, ook gedurende die kwartaal, byvoorbeeld voorgeskrewe werk, moet 'n mediese sertifikaat voorgelê word. Indien nie, sal die leerder geen punte behaal nie.
- ▶ Leerders wat weens siekte tuisbly, mag nie in die dorp rondloop nie, tensy hy/sy 'n dokter besoek.
- ▶ Leerders mag hulle onder geen omstandighede skuldig maak aan intimidasie van 'n medeleerder, personeellid of enige besoeker nie.
- ▶ Daar word van leerders verwag om hoflik op te tree teenoor volwassenes en respek te betoon, byvoorbeeld deur op te staan en te groet.
- ▶ Steurende gedrag soos byvoorbeeld onweloweglike of skeltaal, luidrugtigheid, bakleiery, spoegery of klipgooiery word nie op die skoolterrein of by skoolverwante bedrywighede toegelaat nie.
- ▶ Normale sosiale verkeer onder leerders is aanvaarbaar. Onbehoorlike gedrag, soos byvoorbeeld hande vashou of afparing by verskuilde plekke op die skoolterrein en skoolverwante bedrywighede, is nie aanvaarbaar nie.
- ▶ Diefstal en vandalisme word as 'n ernstige oortreding beskou.
- ▶ Geen leerder mag op die skoolterrein of in die skoolgebou, in die bus of in die openbaar rook of vape wanneer hy/sy as individu of lid van 'n verteenwoordigende groep onder toesig van 'n personeellid is nie.

1.2.10. Order arrangements

- ▶ The school gates are locked daily, 3 minutes after the school day commenced. Learners who are late will not be able to enter the premises. In the case of unforeseen circumstances, outside of your control, the school can be contacted, up till 5 minutes **before** the commencement of the day.

- ▶ When learners want to use a classroom or the hall during break or school hours, permission must be obtained.
- ▶ When the bell rings, learners must assemble at the rows immediately and be quiet.
- ▶ Learners must always move in an orderly fashion: walk behind each other and on the left side.
- ▶ Learners who use the bathrooms during break may not loiter in the corridors.
- ▶ No-one may be near the dam, bicycle shed or cars during school hours.
- ▶ No vehicles driven by learners are allowed on the school premises without permission of the principal.
- ▶ Vehicles should use the gate at 1 Jupiter Road, 100 meters from the main gate. Learners should be dropped off and picked up on the school remises. Vehicles must exit the premises through the gate next to the bus shed. Only oneway traffic is allowed.
- ▶ The school accepts no responsibility for any injuries when own transport is used.

1.2.11. Tugprocedure

Sien bylaag i.v.m. die Strafstelsel.

CATEGORY I

The parents of learners who do not work diligently and thus wrong themselves will receive a letter after every 50 demerit points to keep them abreast of the learner's progress. At 200 points a final letter will be send to the parents and no further correspondence will take place. Academic Detention can also be implemented to ensure a learner complete assessments.



KATEGORIE II

1. Minder as 50 punte per kwartaal
- leerder word beloon.
2. 25 punte: Waarskuwingsbrief aan ouers vir kennisname.
3. 50 punte: 1 x Detensie (2 uur) – brief aan ouers (gee werk waarby leerders kan baatvind- byvoorbeeld spelling).
4. 100 punte: Onderhoud word gehou met Graadhoof en registeronderwysers. Leerders sal vroegtydig in kennis gestel word.
Strafbevoegdheid: Maksimum 2 x detensies/ daaglikse rapport. (gee werk waarby leerders kan baatvind – byvoorbeeld spelling).
5. 200 – 300 punte: Onderhoud met Graadhoof en registeronderwysers – leerder en/of ouers moet teenwoordig wees.
Stafbevoegdheid: Maksimum van 3 x Detensies (6 ure) EN/OF Rooi daaglikse rapport kan uitgereik word. Ontneem voorregte.
6. 400 – 600 points: Internal-disciplinary hearings. An internal-disciplinary hearing is conducted by the Grade Head.
Authorised punishment: Maximum: 5 detentions, 12 hours disciplinary service, Two days' suspension, suspended for one year. Take priviledges away.
7. 400 points: An external disciplinary hearing might take place depending on the seriousness of transgressions. An external disciplinary hearing is conducted by an independent chair person.
Authorised punishment: maximum seven days' effective suspension, seven days' suspension suspended for one year. Application for expulsion.
8. From 600 points: External-disciplinary hearing with independent chair person.
Authorised punishment: maximum seven days' effective suspension, seven days' suspension suspended for a period. Application for expulsion with 14 days' suspension.
The disciplinary committee may refer any matter to the disciplinary committee of the SGB.

Inligting Kommunikasietegnologie (IKT) (GR 12'S mag slegs Tablette in hulle besit hê wat deur die NKOD voorsien is – GEEN selfone)

Leerders mag nie IKT-toestelle gedurende skoolure in hul besit hê nie. Indien 'n IKT-toestel wel in 'n leerder se besit gevind word, sal die toestel afgeneem en in die kluis gebêre word vir 'n tydperk van 2 weke.

Die leerder sal die toestel op die tweede Dinsdag na skool terug ontvang. Indien die leerder dit vroeër benodig kan die leerder dit na 'n minimum van 8 dae ontvang en 'n boete van R 200 betaal. Leerders mag wel IKT-toestelle wat horlosies is, dra, MAAR gedurende ENIGE vorm van assessering moet die leerder dit bêre. Indien die leerder die IKT-toestel tydens eksamens of evaluering in sy/haar besit het, sal hy/sy nul vir die vraestel ontvang.

Geen onderwyser/die skool gaan verantwoordelikheid aanvaar vir 'n leerder se elektroniese apparaat/toestel nie.

Verhore:

Indien 'n leerder sonder 'n geldige verskoning nie vir sy/haar verhoor opdaag nie, kan hy/sy vir 5 dae vir dié baie ernstige oortreding geskors word. Hy/sy sal ook in sy/haar afwesigheid verhoor word en 'n toepaslike straf vir die betrokke oortreding sal toegevoeg word indien hy/sy skuldig bevind word.

Die **dissiplinêre kwartaal sluit af twee weke voor die kwartaal eindig**, sodat leerders wat nie 50 strafpunte gekry het nie, vergoed kan word aangesien hulle hul verantwoordelike splig nagekom het.

Graad 8–12 Strafriglyne – Ontneming van voorregte

Kategorie 2 Oortredings: slegs netheid / laat vir skool / laat vir klas

200 punte: Sokkies word weggeneem.

300 punte: Voorreg om *Groot Brag* by te woon, word weggeneem /40 days word weggeneem.

400 punte: Bywoning van uitstapdag word weggeneem.

600 punte: Bywoning van matriekafskeid word weggeneem. Deelname aan vlagseremonie met toekenningsgeleentheid word opgeskort.

Vanaf skuldigbevinding tydens 'n 2de Eksterne verhoor, kan die Toekenningsgeleentheid en/of uitreiking van getuigskrifte ontnem of opgeskort word vir 'n tydperk, of geheel en al.

Leerders moet ook bewus wees daarvan dat hierdie voorregte ook tydens enige eksterne dissiplinêre verhoor vir ander oortredings as 'n strafmaatreël weggeneem kan word.



Grade 8 – 12 Punishment Guidelines: Denying of Privileges

Category 2 Transgressions: Neatness/Late for School/ Late for Class ONLY

200 points: "Sokkies" may not be attended

300 points: Privilege to attend Big Brag / 40 Days is denied

400 points: Attendance of "Uitstapdag" is denied

600 points: Attendance of Matric Farewell is denied / Participation in Flag Ceremony at Awards Ceremony is denied

Being found guilty at a 2nd External Disciplinary Hearing, the Awards Ceremony may be denied as a punitive measure or Testimonials are revoked for a period or in total.

Learners should take note that any privileges may also be taken away at an external disciplinary hearing for other transgressions as an alternative punitive measure.

1.1 DISCIPLINARY STEPS IN CLASSROOM

1.1.1 Warn learner with the word 'ONE' for any disruptive offence.

1.1.2 Warn learner the second time with the word 'TWO'.

1.1.3 Warn learner with the word 'THREE' and let learner move to allocated seat.

1.1.4 If learner does not stop OR refuses to move, learner is punished with all three of the following:

- 150 disciplinary points - serious class disruptor
- Class disruptors form is completed
- Parents are called the same day by subject teacher

1.1.5 If learner transgresses again for class room disruption with the same teacher within 5 school days, then the learner must meet with the grade head and relevant teacher as soon as possible. Learner receives a notice to inform him/her and parents of the appointment.

1.2 Deviation from the code of conduct. If any deviation from the Code of Conduct takes place, then a written explanation must be send to the school. This letter must reach the school on the day there is a deviation. If your child breaks his or her toe and cannot wear a proper school shoe, a medical certificate must be sent to school to explain the deviation.

1.3 Tatoeëermerke
Wanneer 'n leerder sy/haar skool- of sportdrag aan het, mag die tatoeëermerk nie sigbaar wees nie. Indien die moontlikheid bestaan dat dit wel sigbaar kan word tydens 'n sportwedstryd, moet dit toegeplak word. Die afdelting mag versoek dat die leerder hom/haar wys dat die merk wel toegeplak is voor 'n wedstryd. Indien 'n leerder 'n sigbare tatoeëermerk het, sal daar met dieselfde straf as in die afdeling oor netheid in die strafstelsel gehandel word.





1.4 Ontwikkeling van Skooltrots

Skooltrots kan slegs 'n werklikheid word indien die skoolgemeenskap (onderwysers, leerders en ouers) hulle met die skool kan en wil assosieer.

1.4.1 Die ontwikkeling van 'n gesonde skooltrots stel egter sekere vereistes naamlik:

- 'n Sterk dissiplinêre strategie
- Individuele- sowel as skoolsukses
- Handhawing en vestiging van tradisies

1.4.2 Om bogenoemde vereistes te verwesenlik, kan op die volgende aspekte klem gelê word:

- Ontwikkeling van goeie selfdissipline
- Die toepassing van die skoolreëls
- Die skep van 'n gunstige klimaat om 'n gelukkige en suksesvolle leerder daar te stel
- Aansporing tot sukses en die erkenning daarvan
- Bemaking van die skool, intern sowel as ekstern (Goeie skoolgemeenskap-verhoudinge)
- Skepping van "nuwe tradisies"

1.4.3 Aksies wat aandag geniet:

- Netjiese skooldrag
- Uitbou en uitleef van interskole
- Vertoonbord by ingang
- Argief en museum
- Verjaardag van die skool

1.5 Voortdurende Leerderbetrokkenheid

Dit is van die grootste belang dat leerders op 'n deurlopende basis deel van die proses sal bly. Alle aspekte van die strafbeleid moet voortdurend krities ondersoek en aangepas word waar nodig.

Reëling:

- Alle leerders onderteken die inskrywingsvorm eenmalig as aanvaarding van die gedragskode.
- Die skakelonderwyser van die Seniorraad en verteenwoordigende leerderraad bespreek die strafbeleid op 'n jaarlikse basis met die nuut-verkose verteenwoordigende leerderraad en dit word ook op 'n gereelde basis met die alle leerders hersien.



2 PARENTS

2.1 Code of Conduct

As a loyal parent of De Aar High School, I gladly abide by the following:

- to ensure that my child subjects him-/herself to the rules and regulations of the school
- to always promote the good image of the school
- to be an involved parent
- to honour my financial commitments to the school
- to endorse the disciplinary strategy of the school
- to always be loyal to the teachers of the school and where necessary, follow the correct grievance procedures
- to discuss any matter with the principal or SGB, instead of discussing it in public

2.2. Effektiewe kommunikasie: Ouers kan alleenlik 'n effektiewe bydrae maak indien hulle ingelig is: Aksies; Wie is verantwoordelik;

- Omsendbriewe en sms'e ten opsigte van algemene aangeleenthede; Skoolhoof; deurlopend
- Oproepe of briewe aan ouers ten opsigte van individuele aangeleenthede; Graadhoofde; deurlopend
- Ouer maak afspraak; Ouer en skoolhoof; deurlopend
- Ouervergadering / -aande;

Dit is van die grootste belang dat ouers ingelig word, veral ten opsigte van individuele probleme by hul kinders. Ouers en onderwysers kan as 'n span meer effektief wees. Vroegtydige inligting aan ouers kan probleemsituasies voorkom.



2.3. Ouers mede-verantwoordelik:

'n Aanvaarbare dissiplinêre bestel is net haalbaar waar ouers mede-verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Die belangrikheid hiervan moet voortdurend op alle moontlike wyses deur die skoolhoof onder die ouers se aandag gebring word.

3 PERSONEEL

3.1. Gedragskode

Professionele optrede:

- ◆ Onderwyser tree as rolmodel op
- ◆ Werk as span
- ◆ Tree konsekwent op
- ◆ Wees te alle tye eerlik
- ◆ Moenie kollegas met ouers bespreek nie
- ◆ Gun elkeen 'n plekkie in die son
- ◆ Wees lojaal teenoor die skoolhoof
- ◆ Lug griewe deur die regte kanale
- ◆ Skep 'n leeratmosfeer
- ◆ Netjies op persoon en kleredrag

Wees bewus van roeping:

- ◆ Nodige kennis
- ◆ Wier as handboek
- ◆ Beplan, bied professioneel aan
- ◆ Bly op hoogte met opvoedkundige denke
- ◆ Wees beskikbaar vir buitemuurse bedrywighede

Positiewe ingesteldheid:

- ◆ Wees self positief
- ◆ Moedig suksesbeleving aan deur deurlopende evaluering
- ◆ Entoesiasies oor lewe en oor vak
- ◆ Akademies
- ◆ Sport
- ◆ Kultuur
- ◆ Leierskap
- ◆ Sosiale vaardighede

Neem elke leerder onder sorg:

- ◆ Stel belang, bemoedig, berispe
- ◆ Ken huislike omstandighede
- ◆ Persoonlike kontak met ouers
- ◆ Moenie "kragte meet"
- ◆ Moenie beledig nie
- ◆ Wen die leerder se vertroue
- ◆ Moenie dreig met onuitvoerbare optrede nie

- ◆ Moenie klas sonder onderwyser laat nie
- ◆ Sorg dat leerders genoeg werk het
- ◆ Gee erkenning aan prestasies

Skooltrots en toewyding:

- ◆ Benut kulturele geleenthede
- ◆ Oordelike:
 - ◇ Oordelik in en buite klasse
 - ◇ Onderwyser sigbaar in gange
 - ◇ Tussen periodes
- ◆ Roei vandalisme uit
- ◆ Elke leerder moet weet wat van hom verwag word
- ◆ Almal moet vrymoedigheid hê om te praat

3.2. Positiewe benadering / motivering / toewyding

Onderwysers, soos alle mense, het 'n behoefte aan erkenning en om waardering te beleef. Dit kan gedoen word deur die leerders, ouers en beheerliggaam.

TOELATINGSBELEID

BELEID VAN HOËRSKOOLOF DE AAR RAKENDE DIE TOELATING VAN LEERDERS TOT DIE SKOOL.

Aangesien Hoërskool De Aar (hierna "die Skool") 'n openbare skool is met regs persoonlikheid ingevolge die bepaling van artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996 (soos gewysig) (hierna "die Skolewet") waarvan die beheer aan sy skoolbeheerliggaam (hierna "die SBL"), soos in artikel 16 van die Skolewet, toevertrou is; Since the SGB, under section 5 of the Schools' law is able to determine the admission of students to the school and grades at the school, subject to the provisions of the School's Act and any applicable law; Aangesien die SBL met betrekking tot die kwessie van leerdertoelating tot die Skool of verskillende grade by die skool op die volgende wetgewing (hierna "die wetgewing") let:



- 1) The constitution of the Republic of South Africa Act No. 108 of 1996 ('the constitution');
- 2) Section 3(3)(4)(l) and 5 of the National Education Policy Act, No. 27 of 1996 ("NEPA");
- 3) Admission Policy for Ordinary Public Schools, the Minister of Education in the government Gazette No. 19377 of 19 October 1998 (Notice Nr. 2432/98) ("Ministerial policy") published; and
- 4) The Education Laws Amendment Act, No. 50 of 2002;

Aangesien die Skool en sy SBL die betrokke bepalings van die wetgewing raadpleeg in soverre dit vir hulle geld en bindend is én voorrang geniet bo die mag van die SBL om die Skool se toelatingsbeleid te bepaal, en terselfdertyd vasbeslote is om die volle toepassing van die Skool se toelatingsbeleid binne die perke van die wetgewing en van tyd tot tyd enige ander toepaslike wetgewing, te verseker;

Daarom verklaar die SBL namens die Skool nou die Skool se Beleid vir die Toelating van Leerders tot die Skool of Verskillende Grade by die Skool soos volg:

APPLICATION FOR ADMISSION TO THE SCHOOL

It is acknowledged that –

A. The Head of the Department of Education (hereafter HOD) and/or officers of the Department of Education (DOE) by the HOD delegated, is responsible for the administration of student admission for gr 8 to the School.

B. The HOD/HOD delegate(s) must determine a registration process for entrance to public schools, so that learner admission is done in a timely and efficient manner.

Daar word beklemtoon dat die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Skoolhoof hierdie beleid te alle tye sigbaar, billik en ingevolge die wet in aanmerking moet neem tydens optrede ooreenkomstig die toelatingsbeleid of die beslissingsproses rakende toelatingsaansoeke.

Die Skool en sy SBL sal ook van die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Skoolhoof verwag om te alle redelike tye volle toegang tot en afskrifte van enige registers of lêers wat as deel van die toelatingsproses gehou word te verkry.

Die Skool en die SBL sal van die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Skoolhoof verwag om die inligtingsbylae vir beheerliggaamdoeleindes (hierby aangeheg) by die voorgeskrewe aansoekvorm in te sluit en die voltooiing daarvan deur die aansoeker te verseker.

The School and the SGB or the HOD/HOD delegate (s)/Principal will ensure that applicants will be notified of the following and confirm in writing that they have read and understood:

- A) The school's language policy
- B) The code of Conduct for learners, and

Die Skool en die SBL onderskryf die siening dat ingevolge die reg en by gebrek aan 'n hofbevel tot die teendeel, die wettige voog(de) van 'n minderjarige leerder die uitsluitlike reg het om te besluit by watter skool hulle kind/pleegkind ingeskryf word. Gevolglik aanvaar die



Skool en SBL geen aansoek tensy dit ingedien word deur die biologiese ouers van, of die persoon/persone met wettige aanspraak op sorg vir die minderjarige leerder, of 'n persoon/persone wat skriftelik deur hulle daartoe gemagtig word nie. Voorts beskou die Skool en die SBL nougesette nakoming van hierdie benadering as noodsaaklik aangesien dit verseker dat geldige toestemming verleen word vir die behandeling van die leerder in loco parentis, vir die leerder se deelname aan uitstappies, ensovoorts. Gevolglik word daar van die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Skoolhoof verwag om te verseker dat hierdie benadering streng nagekom word.



Die SBL onderneem om die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Skoolhoof in pogings te ondersteun om die persone waarna daar in paragraaf 1.5 hierbo verwys word, aan te moedig om voor die einde van die jaar wat die volgende skooljaar voorafgaan, om die toelating van hulle kinders/pleegkinders aansoek te doen.

Subject to this policy the SGB requires that the HOD/HOD delegate (s)/the principal, grants the learners access to public schools, and includes that the school will coordinate and supply constructive support, in order to ensure that all learners receive applicable admission and acceptance.

Waar 'n leerder of voornemende leerder twee of meer jaar bo die normale, wetsvoorgeskrewe ouderdom vir sy/haar betrokke graad is, of vir die graad waarom daar namens hom/haar aansoek gedoen word, moet die Skoolhoof die SBL raadpleeg oor of die leerder tot 'n toepaslike graad by die Skool, of 'n oorbruggings - program/bespoedigingsfasiliteit van die distriksdirekteur van die provinsiale departement van onderwys toegelaat moet word, voordat daar op optrede onder die bepaalde omstandighede besluit word.

